# 4 Oktober 2023 - Lesing 144 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Aaneensluiting - Die geluksaligheid van die ewebeelde van God – 20/6/60

**NO: 7627** Die einddoel van julle aardse lewe is die vereniging met My. Julle moet die aaneensluiting met My gevind het wanneer die uur van die dood aanbreek. **Julle moet sonder vrees en skrik heengaan na die ryk hierna**, julle moet slegs van verblyfplek verwissel en weer beland in die Vaderhuis, wat julle ewighede gelede verlaat het. Julle moet weer die weg na die huis, na My, gevind het en nou ook weer gelukkig wees soos julle dit was in die allereerste begin.

**Dit is die sin en die doel van julle bestaan op aarde** en julle voortdurende strewe moet wees om hierdie doel te bereik, want dit is vir julle moontlik. Dit is nie iets onmoontlik wat Ek van julle verlang nie.

Julle is My kinders, **julle het van My uitgegaan** en dit moet heel vanselfsprekend wees, dat julle daarna sal streef om weer na My, julle Vader terug te keer, **omdat die Liefde van die Vader julle trek** en omdat julle in die allereerste begin tog geskape was **as My ewebeelde.** En daarom moet die vereniging met My meer beantwoord aan julle wese as die verwydering van My. En daarom was julle ook nooit op hierdie verre afstand gelukkig gewees nie en kan julle ook eers weer na ons vereniging gelukkig genoem word, want om met My verenig te wees, beteken ook: **Om weer deur My Liefde deurstraal te word, wat 'n onvoorstelbare geluksaligheid beteken.**

Julle is My skepsele en hoort onherroeplik by My. Julle afval van My was egter 'n daad van 'n **verkeerde wil en verkeerde denke.**

Sodra julle wil en denke maar weer in die korrekte ordening verkeer, sal julle ook weer die aaneensluiting met My soek, julle sal weer alles doen om die afstand van weleer te verklein. En daarmee sal julle ook in julle aardse lewe slaag, omdat Ekself vurig verlang na hierdie aaneensluiting **en julle daarom ook help**, omdat My Liefde julle trek en julle hierdie Liefde van My nie mag weerstaan, as julle weer die korrekte ordening wil binnegaan nie.

Dit is waarlik 'n heerlike lot wat op julle wag, wanneer julle julleself met My verenig het. Die ligryk open haarself weer vir julle, julle kan werk in krag en lig en vryheid volgens julle wil, wat egter tog ook My Wil is. Julle sal salighede kan geniet waarvan julle nog nooit gedroom het nie.

Julle sal sien en hoor wat julle oë en ore nog nooit op aarde gesien en gehoor het nie, want Ek het vir almal wat Myne is, onmeetlike salighede berei, almal wat My liefhet en hulleself daarom met My vir ewig verbind het. **Want dit is die Liefde, wat die innige band vleg om Vader en kind**.

Die liefde wat in julle ontsteek moet word tydens julle lewe op aarde en sy dan die hart van die mens so deurstraal, dat sy die verbinding met My, as die ewige Liefde tot stand bring, sodat die mens nou weer sy oerwese aanneem, dat hy word wat Ek Self van ewigheid is, naamlik Liefde.

En so moet 'n mens wat homself weer verander tot liefde onafskeidelik met My verbonde wees. Hy moet weer soos in die begin deur My Liefde deurstraal word. **Hy moet so dig by My wees, dat ons innig versmelt is deur die liefde en dus moet sy terugkeer na My plaasgevind het, wat die sin en doel van sy aardse lewe was.**

En met hierdie band is daar geen terugval meer na die diepte nie. Die wese het sy wilsproef deurstaan, het **<u>van skepsel van God tot kind van God geword</u>**. Hy het die volmaaktheid op aarde bereik, hy het weer alle eienskappe en vermoëns opnuut verwerf wat hy eens deur sy afval van My prysgegee het. En Ek het nou My doel bereik.

My heilsplan van ewigheid is by die wese met sukses gerealiseer, d.w.s.: Wat Ek nie kon skep nie, is tog deur die heilsplan bereik naamlik **Wesens wat aan God gelyk is,** - Kinders wat tot volmaakte wesens geword het deur die vrye wil, nie deur My Almag nie.

Nou eers het Ek ware kinders, **wat in alles My ewebeeld is,** wat naas My en in My Wil kan skep en werk en tog hul eie wil gebruik, wat egter gelyk gerig is aan Myne, omdat die volmaaktheid soiets waarborg.

En julle mense kan die doel bereik, want Ek Self verlang vurig na die aaneensluiting met julle en Ek sal waarlik alles doen wat julle na julle doel voer, wanneer julle wil homself maar aan die van Myne onderwerp, wanneer julle julleself gewillig onder My leiding stel, wanneer julle ten volle bewustelik streef na die vereniging met My en **wanneer julle in die liefde leef en dit al hier op aarde**.

Dan kom julle met elke werk van liefde digter aan My, dan laat julle My teenwoordigheid in julle toe en dan moet ook die vereniging plaasvind, want: **"Wie in die liefde bly, die bly in My en Ek in hom".** Die liefde is dus die band wat ons aaneensluit en nou ewig onverbreeklik is. Amein.